

# Volkskool Oudskolierebond

JANUARIE 2019 VOL 22

JANUARIE 2019 VOL 22

Vandag is daar vir julle uit die stad van Dawid  
die Verlosser gebore. Christus die Here!  
En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind  
wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.

Luk. 2:11-12



GELOOF # HOOP # LIEFDE



# UIT DIE KANTOOR

Dis vakansietyd en die strate in Graaff-Reinet is besig. Kort-kort is daar 'n bekende gesig; 'n student wat by die huis is vir die vakansie, kinders wat kom kuier of selfs ouers wat kom kuier.

Soos die jaar aangestap het, het daar baie gebeur. Die Matriekklas van 2018 het hul laaste eksamen in Volksskool se skoolsaal geskryf. Sommige ouers is dankbaar vir studente se studies wat suksesvol voltooi is en wat hulle graad gekry het. Nou wag daar 'n nuwe werk en toekoms op hulle.

Deur die jaar was daar foto's van verlowings, troues, geboortes en verjaarsdae wat baie vreugde gebring het. Maar daar was ook gesinne wie se lewens tot stilstand geruk is deur siekte of omdat hulle geliefdes verloor het. En nou was dit Kerstyd. Saam met die boodskap van hoop, verlossing en vreugde, is daar hartseer en verlange en die kersliggies se skyn het hulle bekoring verloor.

Wat ook al in 2018 jou pad gekruis het, mag 2019 vir jou baie vreugde en voorspoed bring.



Gedurende die laaste kwartaal het ek 'n besoek gehad van tannie Connie (Venter) van den Berg. Sy was in 1955 in matriek en haar man, Paul was in 1954 in matriek. Sy het 'n boek vol foto's gebring en onder andere hierdie foto wat geneem was toe hulle Volksskool se 50-jarige bestaan in 1972 gevier het.

Ons hoop om almal weer met die reünie in 2019 hier te sien.





In ons vorige nuusbrieff was een van die projekte waarmee ons hulp aangebied het die opknop van Die Kewertjie by Laer Volksskool. Baie funksies en vergaderings word hier aangebied en nou spog hierdie gebou met 'n splinternuwe voorkoms.


Laer Volksskool het die afgelope jaar ook 'n buskuur opgerig en die tennishuisie is opgradeer. Verskeie projekte is deur hulle geloots om fondse in te samel om aan te wend vir hierdie verbeteringe.

Dankie vir elkeen se bydrae om hiervan 'n sukses te maak.

## **KAROO-LUS FEES**

Die Karoo-lus Fees word jaarliks in Oktober aangebied. Verskeie organisasies word genader om betrokke te wees tydens hierdie naweek en in ruil vir hul dienste kan hul 'n geldjie verdien. Die Oudskolierebond het daardie week die reuse taak gehad om die kroeg te beman. Feesgangers ken geen einde nie en hoewel ons Vrydagaand eers om 02:00 die laaste skof gewerk het, was die eerste skof Saterdagoggend om 10:00 op hul pos omdat atlete wat deelgeneem het aan die Windpomp-run, teen daardie tyd al sou terug wees op die terrein. Saterdagoggend se skof sou strek tot 02:00, maar laat Saterdagoggend was daar 'n geskarrel agter die toonbanke toe byna al die voorraad uitverkoop was.

Baie dankie aan elke Oudvolksie, ouer, onderwyser en Oudskoliere komitee - lid wat hulle tyd opgeoffer het om te help tydens hierdie naweek. Baie dankie ook aan Montego en die Karoo-lus organiseerders vir hierdie groot geleentheid om ons fondse aan te vul.



Baie Oudvolksies sal vir juffrou Carin Ferreira onthou. Sy het nadat sy haar studies in 1951 voltooi het, by Volksskool as 'n onderwyseres begin. In daardie dae het sy Fisiologie gegee omdat hier reeds 'n wiskunde-onderwyser was. Die lewe se pad loop met kronkels en nadat hierdie onderwyser se vrou oorlede is, het hy mettertyd haar hart gesteel. Sy is toe met Louw Ferreira getroud.

Juffrou Ferreira woon deesdae in Jeffreysbaai waar sy steeds op die ouderdom van 90 haar eie huishouding behartig, self haar motor bestuur en steeds gereeld reis. Sedert 1959, toe hulle na Kirkwood verhuis het, het sy ekstra wiskunde-klasse by haar huis begin gee. Daarna het sy na Humansdorp verhuis waar sy by Hoërskool Nico Malan, sedert 1988 skoolgehou het. In 1995, na haar uittrede by Hoërskool Nico Malan het sy permanent klasse tuis aangebied. Wanneer sy nie ekstra klasse gee nie, skerp sy haar kennis op deur ou vraestelle uit te werk en sy glo nie daaraan om berekeninge met 'n sakrekenaar te doen nie. Haar antwoord op wat haar wesresep is: "Passie, geduld en deursettingsvermoë..."



## TOP 10- PRESTEERDERS

BLADSY 4

Hoër Volksskool gee aan die einde van elke kwartaal erkenning aan die toppresterders van elke graad. Drie sussies, Engeri, Juryna en Petroné Fourie, het hul balkies ontvang vir hul akademiese prestasies in 2018.

Engeri en Juryna was eerste in hul graad en Petroné was in die Top 10.

## MATRIEKUITSLAE: 2018

Hoër Volksskool het baie goeie nuus ontvang met die bekendmaking van die matriekuitslae.

Volksskool het 'n slaagsyfer van 94,2% behaal waarvan 69% van ons 53 leerlinge kwalifiseer vir toelating tot Baccalaureusgraad-kursusse. Ons spog met 50 vak A-gemiddeldes.

Ons top 5 kandidate is:

- 1 Engeri Fourie met 6 onderskeidings en 'n gemiddeld van 85,9%. Haar beste vak was English First Additional Language met 92%.
- 2 Stephan Lategan met 5 onderskeidings en 'n gemiddeld van 81,7%. Sy beste vak was Rekeningkunde met 'n gemiddeld van 90%.
- 3 Lara du Plessis met 6 onderskeidings en 'n gemiddeld van 81,4%. Haar beste vak was Lewenswetenskap met 86%.
- 4 Justin Gafoor met 5 onderskeidings. Sy beste vak was Rekeningkunde met 88%.
- 5 Annelou van der Mescht met 5 onderskeidings. Haar beste vak was Verbruikerstudie met 82%.

Baie geluk aan Hoër Volksskool, die personeel, ouers en elke leerling wat die laaste eksamen in 2018 suksesvol voltooi het.



**Trots Volksskool**

# VOLKSKOOL EEUFEEES LOGO ONTWERP

**Ons is op soek na 'n splinternuwe logo om ons skool se 100-jarige bestaan te vier!**



Help ons met die ontwerp hiervan en WEN 'n gratis naweek vir twee persone in die hartjie van die Karoo by Ganora Gasteplaas. Geborg deur 'n oud-skolier.



## Reëls tot deelname:

**Skets of doen 'n komper-weergawe van jou ontwerp volgens die volgende riglyne:**

- Benaming - VOLKSKOOL 100 1922 - 2022
- Beperk die kleure tot swart en maroon (die kleure van die skoolwapen)
- Gebruik slegs soliede kleure en onthou die logo moet vergroot en/of verklein kan word tot selfs die grootte van 'n lapelwapen
- Let wel – gebruik slegs die benaming soos hierbo aangedui – ons soek nie 'n nuwe ontwerp vir die bestaande skoolwapen nie
- Neem kennis dat die wenner se logo vir bemerkingsmateriaal gebruik sal word

E-pos jou ontwerp aan: [volksies@hvsgfrt.org.za](mailto:volksies@hvsgfrt.org.za)  
 Sluifingsdatum: 8 Februarie 2019  
 Trekking vind plaas op: 28 Februarie 2019

Belangrik: Voltooi die onderstaande en sluit dit saam met jou ontwerp in  
*Voorspoed met jou skepping!*

## VRYWARING

Ek, ....., oud-skolier van....., erken hiermee dat die inskrywing my eie oorspronklike werk is. Ek bevestig ook dat my suksesvolle ontwerp in die toekoms deur Volkskool sonder enige vergoeding gebruik mag word.

Die simboliek van my ontwerp is: .....

.....

.....

.....

GETEKEN: ..... DATUM: .....

EPOS: .....

Sel: .....



1922 - 2022



In 2010 het die Crewe-Brown-gesin na Graaff-Reinet verhuis en het al drie hul kinders by Volksskool ingeskryf. Lizandri Crewe-Brown, hul oudste dogter, het haar matriek in 2017 by Hoër Volksskool geskryf en drie onderskeidings behaal.

Lizandri het, soos die meeste ander Volksies, aan verskeie sportsoorte en bedrywighede deelgeneem. Sy het meer as 50 wedstryde vir die eerste hokkie-span gespeel, was die top 1500 meter atleet, het gedien op die KekkelVolksie-redaksie en het ook as lid van die OP-span by die SA-tweekamp onder die top 10 atlete presteer.

Wat haar onderskei het van haar skoolmaats was haar swemvaardighede. Met die gesin se aankoms in Graaff-Reinet was Lizandri glad nie 'n swemmer nie en het sy dikwels heel laaste gekom by die skool se swemgala. Tog het swemafrigters aangehou om haar te leer swem en jaar na jaar het haar uitslae verbeter. In 2016 en 2017 het sy die Victrix Ludorum van beide die skool se gala sowel as die Karoo galas verower. Daar pryk meer as twaalf skoolrekords agter haar naam en ook sewe by die Karoo-gala.

In 2017 en 2018 is Lizandri ook gekroon as die top Oostelike Provinsie dogter-swemmer in haar ouderdomsgroep.

Tans studeer Lizandri Crewe-Brown aan die Universiteit van Iowa in Amerika. Sy het die voorreg gehad om uitgenooi te word om daar te studeer en vir die universiteitspan te swem. Sy het 'n vol beurs ontvang wat al haar studies en verblyfkostes betaal. Sy geniet die geleentheid om die wêreld te reis en by top Amerikaanse afrigters die fynere kunsies van swem te leer. Sy is tans ook die top akademiese presteerder in haar kursus.



Hierdie klink na 'n merkwaardige prestasie, maar is glad nie n vreemde storie vir Volksskool nie. Jaar na jaar verlaat Volksskool skoliere ons terrein en jaar na jaar gaan daardie skoliere voort om diep spore te trap waar ook al hulle betrokke is.

Haar ouers is natuurlik trots op haar maar, hou vol dat as dit nie vir Volksskool en die swemklubs in Graaff-Reinet was nie, Lizandri nooit hierdie geleentheid gehad het nie.

“As ons dit moes oordoen, sou ons nog vroeër getrek het,” is haar pa Geoff Crewe-Brown se woorde. “Volksskool het al drie my kinders gevorm en geleentede gegee wat ons nêrens anders sou kry nie.

Lizandri is 'n trotse Oudvolksie en haar boetie en sussie is tans trotse Volksies.”

Baie dankie aan ons trotse borg van die Volksskool Oudskolierebond se Alumnetblad:



## MONTEGO.

Hulle vervaardig en verskaf 'n groot verskeidenheid produkte en hulle produkte is landwyd te koop.



### Trots Volksskool